

Die graf is leef, sodat ons nie daar hoef in te gaan nie.

Teks: Johannes 20: 1 - 10

Teksvers: Johannes 20: 5

1. Inleiding

Die sondagmore vroeg voor sonop sien ons die Maria Magalena en Salomie by die graf. Hulle het reukolie in die hand om die liggaam van Jesus te gaan balsem. Iets wat 'n laaste versorging en eerbetoon aan 'n geliefde wat gesterf het. Maar dan skielik is daar 'n probleem. Daar is geen liggaam om te balsem nie. Die klip voor die graf is weggerol, het iemand die liggaam kom verwyder? Hulle gaan roep die mans.

Ons fokus vanoggend op die reaksie van twee van die mans wat hierdie boodskap van die vroue aanhoor. Dit is die dissipels Petrus en Johannes. Beide haas hulle so vinnig as wat hulle kan na die graf, maar wanneer hulle daar aankom verskil die optrede van hierdie twee dissipels. Ons is vanoggend hier by mekaar omdat ons opstandigssonntag gedenk. Ten diepste die waarheid van 'n leë graf.

Sien dit is wat die Christelike geloof absoluut uniek maak. Baie van u het al sosiale media plasings gesien van grafte van verskeie leiers in wêreldgelowe. Maar die graf van Christus sal 'n mens nie hier op aarde kry nie. Nee, Jesus het liggaamlik fisies

opgestaan. Die dood en die graf kon Hom nie hou nie. Dit is 'n wonder wat uit die wetenskaplike oogpunt steeds vandag moeilik verstaan word. Tog het dit vir ons geloof en hoop in hierdie lewe, implikasie wat baie ver strek.

Kom ons staan weer vanoggend verstom voor die leë graf. Want ons as Christen gelowiges, kan mekaar vanoggend weer groet met die bekende woorde: Hy het opgestaan, Hy het werklik opgestaan.

2. Reaksie op die berig van die lê graf

Die paasnaweek, wat ons as kerk van die Here ook weer hierdie naweek herdenk, was nie 'n maklike naweek nie. Veral ook nie vir die dissipels rondom Jesus nie. Eerstens moes hulle almal vlug tydens die inhegtenisname van Christus. Bang vir vervolging is hulle natuurlik steeds besig om weg te kruip vir die samelewing. Maar selfs in oorlog is daar die Geneefse konvensies en internasionale rooikruis oortuigings. Hierdie bepalings handel oor die hantering van die liggame van afgestorwe persone. Selfs die liggame van jou afgestorwe vyande moet met respek behandel word.

Die vroue wat Jesus baie lief gehad het, gaan voort met hierdie taak van

versorging van die liggaam. Hulle liefde vir die Here is groter as die vrees vir enige vervolging of teestand wat kan kom. Maar dan skielik kom hulle hier by die dissipels aan met 'n ontstellende boodskap. Die liggaam wat hulle wil versorg blyk nie in die graf te wees nie. Die reaksie van die dissipels wat dan volg, laat ons baie dink aan die tien melaatse mans wat genees in Lukas 17. Net een kom terug om dankbaarheid te bewys. Uiteindelik sien ons net 2 dissipels wat dit gaan waag om na die graf te gaan en te gaan kyk. Dit is die dissipel vir wie Jesus baie lief was, ons weet dit is die manier waarop Johannes na homself verwys in die evangelie. En dan ook dissipel Petrus.

Vanoggend wonder ons ook oor die reaksie op die goeie nuus van die leë graf. Het dit al 'n ou waarheid geword waarvan mense vandag al vergeet het? Wie is nog bereid om nog nader te hardloop en presies te probeer uitvind wat by die graf van Josef van Arimatea gebeur het? Of beweeg meeste mense eintlik weg van die ongemaklike waarheid van 'n liggaamlike opstanding af.

3. Huiwerig om in te gaan

Ons sien dat Johannes en Petrus so vinnig as wat hulle kan na die graf hardloop. Dit is duidelik dat die een nie eers vir die ander een wag nie. Daar word beweer dat Johannes voor Petrus by die graf aankom omdat hy jonger was en daarom vinniger kon hardloop. Opstanding preek

Maar wanneer hulle by die graf kom sien ons eintlik die omgekeerde. Johannes kyk net binne die graf in en bly buite staan volgens vers 5. Petrus, soos ons hom ken as die yweraar storm die graf binne.

Die vraag is natuurlik, hoekom bly Johannes buite die graf staan? Daar is 'n paar algemene redes wat aangevoer kan word naamlik: Eerbied en respek vir iemand belangrik se graf. Daar kan selfs verwys word na reinings bepalings van Numeri 19:11, wat hom 7 dae lank onrein so laat by die aanraking van 'n dooie liggaam. Tog is dit juis die kern van die saak daar is geen dooie liggaam nie. Iets wat Johannes waarskynlik kon bevestig met net die in kyk in die graf. En dit was ook duidelik dat Jesus se liggaam nie gesteel is nie. Diewe of mense wat van die liggaam wou ontslae raak, sou nie die duur speserye en doeke agterlaat nie.

Johannes is huiwerig om die graf in te gaan, nie omdat hy nie agter Christus die dood in wil gaan nie. Maar juis omdat hy oortuig begin raak dat Jesus nie meer daar in die graf is nie. Is daar sin daarin om die lewende tussen die dooies te gaan soek. Dit is die woorde wat die vroue later ook moet hoor by die twee manne in blink klere in Lukas 24. Tog het Johannes en Petrus nog nie werklik verstaan wat gebeur het nie. Ons lees in vers 9 dat hulle nog nie die Skrif verstaan het dat Jesus uit die dood moet opstaan nie.

4. Wat beteken dit vandag

Ons sien in uiteindelik in vers 8 dat Johannes wel saam met Petrus die graf binnegaan. Hy sien verder saam met Petrus wat hy aanvanklik met die inkyk gesien het. Jesus se liggaam is nie meer daar nie. Jesus sou nog aan hulle verskyn voor Sy hemelvaart, En later sou hulle saam met die ander dissipels die Heilige Gees ontvang, en dan sal al hierdie dinge vir hulle duidelik en verstaanbaar word. Maar vir nou het die graf geen meer waarde as 'n leë plek waar die liggaam van Christus teenwoordig was nie.

Ons sien dit vandag nog in die Christelik geloof. Dit duidelik dat ons as Christen gelowiges nie baie waarde aan die fisiese plek van die graf van Josef van arimatea koppel nie. Trouens daar is vandag nog debat en onenigheid oor die presiese adres en ligging van hierdie graf. In Christelike geloof onderneem ons nie pelgrimstogte na die graf van Jesus toe nie. Trouens ons hoef nie na die graf te gaan nie.

Dit is die wonderlike boodskap van die leë graf in ons Here Jesus Christus se sterwe en opstanding is ons verlos van die dood. Die graf wat nie in staat was om Christus te hou nie, is ook nie in staat om ons te hou nie. Ons afsterwe in hierdie wêreld is maar bloot 'n deurgang na die ewigheid in die teenwoordigheid van die Here. Omdat die graf van Josef van arimatea op Sondagoggend leeg is, hoef ons ook Opstanding preek

nie die graf in te gaan nie. Ons hoef nie die dood in te gaan, ons het die ewige lewe as verlose kinders van die Here.

Uiteindelik is dit wat Johannes ook op 'n manier onwettend bely wanneer hy nie die graf binnegaan in vers 5 nie. Christus is nie by die dooies nie.

5. Slot

Ons kan vanoggend afsluit deur die onbelangrikheid van die aardse graf van ons Here Jesus Christus te beklemtoon. Daardie graf wat Josef van arimatea goedgunstig gegee het aan ons Here Jesus Christus, is skaars gebruik. Dit was net vir drie dae nodig. Die drie dae wat Christus gesterf het, maar ook die dood en bese oorwin het. Daarna het Jesus opgestaan en uit die graf gegaan. Hierna was die graf, en veral die verlatenheid daarvan eintlik net die teken van die liggaamlike opstanding.

Ons glo en bely vandag dat ons Here Jesus Christus liggaamlik as mens opgestaan het uit die dood. Dat Hy Sy graag leeg agtergelaat het. Dit is waarvan ons teksgedeelte ook getuig vanoggend. Maar die verdere troos aan ons as gelowiges vanoggend is dat presies dieselfde met ons sal gebeur eendag. Omdat ons gered en verlos is in die sterwe en opstanding van Christus, sal die graf ook nie vir ons vir ewig kan vashou nie. Ons sal ook liggaamlik opstaan en saam met Christus die ewige heerlijkheid

binnegaan. Vir ons sal die graf ook net tydelik wees.

Christus se graf is uiteindelik nie vir ons 'n monument as gelowiges nie. Juis omdat Christus nie meer daar is. nie, maar opgestaan het. Die tuingraf en juis die afwesigheid van 'n liggaam daarin bly vir ons die bevestiging van al die profesieë dat Christus sal sterf maar ook sal opstaan. Dat Hy vir ewig sal lewe. Maar ook dat ons in geloof aan Hom gebind word, sodat ook ons nie in die graf vir ewig hoef te bly nie. Ons bely vanoggend saam met die kerk deur die eeue, Christus het opgestaan, ja Hy het waarlik opgestaan. Die dood is oorwin, en sal ook geen houvas op ons hê nie.

Amen